

Die amazing geloofsreis!

Ons hoop jy's reg vir die amazing geloofsreis! Ons gaan vanjaar saam ontdek dat geloof rêrig is, dat dit die moeite werd is om die Here te volg en dat Hy die Lewe in oorvloed bring (Joh 10:10). En die wonderlike is, jy hoef dit nie op jou eie te doen nie – ons doen dit saam met mekaar. Ons gaan mekaar vanjaar ondersteun en help, maar ook uitdaag om nie 'n halfpad-Christen te wees nie, maar voluit te gaan. Ons gaan saam Bybel lees en ontdek dat 'n eeue-oue boek vol kraakvars nuus vir vandag kan wees. Ons gaan saam worstel met vandag se vrae – niemand gaan snaaks opkyk as jy oor iets wonder nie. Ons gaan saam kuier, mekaar geniet en ontdek dat ons bedoel is om mekaar aan te moedig. Ons gaan vriendskappe smee tussen jonger en ouer kinders van die Here en baie by mekaar leer.

Die reisplan

Ons volg die 7-weke program vir die eerste kwartaal. In vanjaar se Sewe Weke val die klem op die lees van die Bybel – ons kyk na sewe metafore wat die Bybel vir ons is.

In die 2de en 3de kwartaal kyk ons na kern geloofsvrae en hoe ons dit prakties in ons lewens kan toepas. Studente help ons as mentors in groeps gesprekke.

Ons kom Sondagaande 17:30-18:30 in die Foyer van die Hofmeyersaal bymekaar. Hierna tree die groep op as kleingroepleiers vir die Graad 7-10 gespreks-groepe.

Bring asb altyd jou Bybel en 'n pen of potlood saam na die byeenkomste.

Ons moedig julle aan om dan die Jeugdienste Sondag aande in die Hofmeyersaal by te woon - 19:00-20:00.

En waartoe lei dit alles?

In 2019 kan jy by een van vier geleenthede in die kerk voor die gemeente getuig dat jy gekies het om Jesus te volg omdat Hy gekies het om vir jou sy geliefde kind te maak.

Jy en jou ouers moet 'n briefie vir ons skryf waarin jy aandui wanneer en waarom jy graag belydenis van geloof wil aflê. Daar is dan ook 'n gesprek met Jan en Amos.

En dan is dit daardie besondere dag wanneer jy jou hand in die doopfont hou en onthou dat God gesê het: “Jy is Myne”. En jy antwoord daarmee: “Ja, Here, ek is U s'n.”

Kom gesels met ons!

Jan van Zyl
jan@moederkerk.co.za
0828713155

Amos Petersen
amos@moederkerk.co.za
0761918867

JAARPROGRAM

EERSTE KWARTAAL

21 Jan	Registrasie – Moederkerk Familiediens
21 Jan	Eerste ontmoeting
28 Jan	Visie: Heling en Gemeenskap
4 Feb	Sewe Weke 1
11 Feb	Sewe Weke 2
18 Feb	Sewe Weke 3
25 Feb	Sewe Weke 4
4 Maart	Sewe Weke 5
11 Maart	Sewe Weke 6
18 Maart	Sewe Weke 7
25 Maart	Betekenis van Pase

TWEDE KWARTAAL

15 Apr	My paspoort – God die Seun Verlos
22 Apr	God die Vader
29 Apr	Langnaweek
6 Mei	Die Heilige Gees ons “guide”
13 Mei	Gawes van die Gees
20 Mei	Die Doop – <i>A River runs through it</i>
27 Mei	Straatlig
3 Junie	Gebed

DERDE KWARTAAL

22 Julie	Die Kerk
29 Julie	Ek het ‘n unieke plek in God se span
5 Aug	Kry jy die <i>clues</i> ? Om God se stem te hoor
12 Aug	Langnaweek
19 Aug	Seksualiteit en verhoudings
26 Aug	Ander Godsdienste
2 Sept	Vrae wat Pla
9/10Sept	Pelgrimstog
16 Sept	Afsluiting saam met ouers

Die amazing geloofsreis

2018

